# G1 - God moet gevrees word

**Doel van les:**

- In hierdie week se les leer ons dat ons God moet vrees, maar nie op die manier wat ons as mense vrees verstaan nie.

**Ysbreker:**

- **Vraelys:** Deel vir elke kind 'n vraelys uit. Gee so paar minute kans vir hulle om dit in te vul. Verduidelik hoe die antwoorde later in die les gebruik gaan word.

Vandag gaan ons leer dat God gevrees moet word, maar nie op die manier wat ons vrees verstaan nie. Julle het nou kans gehad om die eerste woorde/woord neer te skryf wat in julle gedagtes opkom wanneer julle die woorde gebed, liefde, vrees en God hoor. Gesels gou in julle groepe oor net die woord vrees en wat julle daar neergeskryf het.

Kry terugvoering.

In Afrikaans is daar 'n woorde soos bang en vrees en hulle beteken almal dieselfde ding. In die Hebreuse taal is (die taal waarin die Ou Testament geskryf is) daar twee woorde vir vrees: pachad en yare. Altwee hierdie woorde word in die Bybel gebruik, maar het baie verskillende betekenisse.

**Illustrasie**

(Kry iemand om by die klankbord reg te staan om die harde geluid te speel sodra 'n sekere woord genoem word.)

Sê: Die twee woorde wat gebruik word is Pachad en Yare. Wanneer ons die woord pachad hoor (speel clip)…Wow, het julle geskrik? Hierdie illustrasie is wat pachad beskryf. Jy skrik, jy is bang.

Wanneer die skoolhoof in die klaskamer instap, julle dalk by die skool vra om iets te doen of om stil te bly ervaar julle yare "vrees". Julle sal na hulle luister oor julle yare vrees/respek vir hom het.

Pachad – Vrees

Om te skrik, vrees, terreur

Yare – Om in ontsag/eerbied te staan, respek

**Lees Psalm 89:6-8**

**Die hemel loof U wondermag, Here, die hemelinge loof U trou. Wie in die hemel kan met die Here vergelyk word? Wie onder die hemelwesens is soos die Here? Hy is God, vir Hom het die hemelse vergadering 'n heilige ontsag. Hy is magtig, gevrees onder almal rondom Hom.**

**Illustrasie**

Roep 3 kinders vorentoe. Gee vir elkeen 'n kaartjie. Sê: Ek het vir hulle kaartjies gegee. Kom ons kyk watse kaartjies het hulle gekry het. Laat die eerste kind lees wat op sy kaartjie staan. (Hierdie sal 'n boete kaartjie wees vir te vinnig ry.) Haai skaam jou! Hoe oud is jy dan? Nee, jy behoort nie eens te mag ry nie, jy is te jonk. Ek maak net 'n grappie.

Gaan na die volgende kind. Watter kaartjie het jy gekry? 'n R500 boete vir rommelstrooi! En ek dag die boete kaartjie vir te vinnig ry was alreeds erg, maar jy skok my. Hoeveel papiere het jy dan rondgegooi? Nou kom ons kyk na die laaste kaartjie. Wat is op jou kaartjie? Vir detensie. Ok ek gaan maar eerder nie vra wat jy gedoen het nie.

Hoekom kry mense kaartjies soos hierdie? Mense kry hierdie kaartjies omdat hulle nie dinge doen wat van hulle verwag word nie. Om soet te wees in die klas of volgens die spoedbeperkings op die pad te ry word van ons verwag. Dis nie 'n keuse nie. Ons moet dit doen. Wanneer mense nie doen wat van hulle verwag word nie, dan kry hulle 'n boete of straf. Om skool toe te gaan is nog iets wat van ons verwag word. Hoekom dink julle? Want skool is belangrik. Ons moet 'n geleerdheid kry. Dis die beste vir ons. Dis nie om nasty te wees nie.

Die Bybel beveel ons om God te vrees. Hoekom dink julle? Want God is almagtig en wonderlik en nog baie meer en verdien ons vrees/respek. Hy verdien ons vrees, maar met vrees bedoel die Bybel respek soos ons netnou geleer het. Hoekom dink julle moet ons Hom vrees? Want dis wat die beste is vir ons. Kom ons doen dit, want dis wat God van ons verwag.

Sluit af in groepe met gebed.

Skryf die eerste woord neer wat in jou gedagtes opkom wanneer jy hierdie woorde hoor:

- Gebed
- Liefde
- Vrees
- God

Skryf die eerste woord neer wat in jou gedagtes opkom wanneer jy hierdie woorde hoor:

- Gebed
- Liefde
- Vrees
- God

Skryf die eerste woord neer wat in jou gedagtes opkom wanneer jy hierdie woorde hoor:

- Gebed
- Liefde
- Vrees
- God

Skryf die eerste woord neer wat in jou gedagtes opkom wanneer jy hierdie woorde hoor:

- Gebed
- Liefde
- Vrees
- God

Skryf die eerste woord neer wat in jou gedagtes opkom wanneer jy hierdie woorde hoor:

- Gebed
- Liefde
- Vrees
- God

Skryf die eerste woord neer wat in jou gedagtes opkom wanneer jy hierdie woorde hoor:

- Gebed
- Liefde
- Vrees
- God